## Hoofstuk 41 - DIE LEWE, DOOD EN LIEFDE (15.11.1840) HIM1.202

1] Wat aan jou, as My kneg, gesê is deur die (fontein) maagd, wie slegs vir jou waarneembaar was, toe jy haar by die voetbrug na binne gevra het of sy jou nog verder iets van die fontein wil vertel, dit dien ook hier as ‘n goeie inleiding, naamlik: "**Daar is net Een, en net hierdie Een kan alleen praat.** En wanneer hierdie Een praat, dan swyg die hele natuur eerbiedig stil, want sy verstaan geen woord van enige wese, buiten die woord van **hierdie Een** nie."

2] Kyk, dit is ‘n baie goeie en gepaste inleiding, want niks leweloos kan ‘n taal besig en op enige manier praat en antwoord nie; **maar Ek alleen**, wat die lewe self is en dus deur en deur lewend is, kan lewend maak, wat Ek wil en wat Ek aansien, en Ek kan aan die klip self oë en ore gee, 'n mond en 'n vloeiende tong gee om die taal te praat wat vir My welgevallig is, sowel as hulle aan wie Ek die insig wil gee.

3] Maar aangesien daar, soos reeds eenmaal opgemerk is, **vir die lewendes niks dood is nie**, so kan daar vir My as die Mees Lewende ook niks dood wees nie, en dus ook **niks wat nie tot spraak in staat is nie**. Want in My teenwoordigheid moet selfs die as van 'n verbrande liggaam opstaan en My op elke vraag antwoord. Want is daar enigiets in alle oneindigheid **wat nie uit My is nie**?

4] Maar Ek is, soos reeds gesê, van ewigheid af die lewe self en sal so vir ewig wees. **Hoe kan daar dus uit die lewe iets doods voortkom?** Al is iets leweloos voor jou oë, is dit nie leweloos voor My oë nie! En al het jy in en van jouself dood geword in die sonde, het jy tog nie dood geword in My aangesig nie. Die eerste is wel moontlik, **maar die tweede is gans onmoontlik**.

5] Maar om dit presies te verstaan, is 'n voorvereiste vir die volgende bespreking; en so is dit noodwendig dat julle 'n verdere verduideliking kry oor die dood en oor die lewe self.

6] Alles wat uit My voortgekom het, het lewend voortgekom. Maar aangesien My lewe in julle die liefde en die wysheid in die grootste orde self is, moet alles ook in hierdie volgorde bly voortbebestaan het, waarin en waaruit dit gedwonge van My moes uitgaan. Want wat nie was nie, kon nie uit homself voortkom nie, maar moes eers deur My geskape word en dan as geskape wese eers deur die Mag van My orde uit My voortkom, volgens My wil.

7] Maar nou, toe die wesens te voorskyn gekom het, moes hulle ook toegerus word met die vermoë om vryelik volgens My Orde te kon beweeg - net soos die kind dadelik vrye beweging van sy ledemate aanneem, sodra dit uit die moederskoot voortkom.

8] Solank die kind nog swak en klein is, word hy aan 'n leiband gelei. Maar sodra hy sterk word, laat julle hom vryelik rondloop. En sou hy sterker en sterker word, bereik julle dieselfde deur opvoeding, wat deur allerlei aanvaarde reëls uitgespel word, op so 'n wyse, dat dit meestal ooreenstem met jul eie orde.

9] Maar sê nou daar is ’n geval waar ‘n kind so erg is dat hy weier om hom aan jou ordening te onderwerp, maar voortdurend daarteen is - wat doen jy dan met dié kind? - **Ek sê: Jy moet hom tugtig**, **en in dieselfde mate al meer, namate hy jou ordening weerstaan**. En word die kind, as gevolg van al jou tugtiging, in sy vryheid al hoe slegter, in plaas van beter, en uiteindelik selfs gevaarlik word vir jou orde, sê vir My, wat sal jy dan met die kind doen? - Sal jy nie self sê nie: "As Ek die kind uit die huis verdryf, sal hy mettertyd terugkom en snags, in sy boosheid, wraak neem op My. Hy sal die huis oor My kop aan die brand steek. En dan sal die hele storie en My huishoudelike orde ’n kwade einde hê. Daarom wil Ek die kind nie uit die huis verdryf nie, **maar Ek wil sy hande en voete bind, hom in 'n geslote kamer hou, met karige voedsel**, en geduldig die tyd afwag, totdat hy eens berou toon en terugkeer na My Orde.”

10] Kyk, wat jy daar met jou kinders sou doen, het Ek ook gedoen met dié wat vanuit My voortgekom het. Vra jouself maar af: Het jy daardeur die kind in jou oë vermoor, terwyl jy hom slegs regmatiglik in die misbruik van sy vryheid beperk het? - Beslis nie! - En soos jy die kind nie doodgemaak het nie, **al is julle almal boos, in en deur julleself,** hoeveel minder sal Ek, die ewige, enigste Goedheid Self, iets doodmaak wat uit My voortgekom het! Omdat Ek Lewend is, kon niks dood uit My voortgekom het nie; en aangesien Ek uitermate goed en liefdevol is, so **kan ook niks doodgemaak word nie.**

11] Nou sal julle vra: Wat is dan eintlik "**dood**" en wat is "**die dood**"? Daarop sê Ek: “Dood” op sigself is slegs diegene wat doelbewus ontneem word van die vermoë om vrylik in sy bose orde te beweeg, teen My orde. En “die dood” self is dus niks anders nie, **as ’n volharding in alles wat teen My orde is.** Die gevolg van hierdie volharding is dan die nodige geregtigheid, waardeur die hande en voete van 'n wanordelike wese gebind word en sodoende 'n vertrek voorberei word, waarin die wanordelike skepsel ingeperk kan word, **totdat hy deur innerlike berou vrywillig terugkeer na My Ordening**.

12] Maar, wat volgens alles die lewe is, hoef Ek julle nie meer te vertel nie; want soos julle weet wat die dood is aan en vir julle, so gee die lewe haarself.

13] Noudat jy dit verneem het en daaruit kan sien waarom net Ek kan spreek en waarom die hele natuur My verstaan, so kan jy hierna ook goed begryp wat die Maagd by die fontein ongesiens tot My kneg gespreek het.

14] Sou julle so 'n ingeperkte kind hê waarvan Ek voorheen gepraat het, dan vra Ek julle, wie kan altyd

met die goedversorgde kind praat? En julle sal sê: “Ons laat niemand anders toe as net onsself, om met hom te praat nie, sodat, in die eerste plek, die bose kind nie nog meer verdorwe word as wat hy reeds is, deur 'n ontydige, barmhartig huigelagtige smoel, en tweedens, dat deur die bose mond van die kind, nie enige geordende hart tot wanorde verlei word nie.”

15] Maar sou daar 'n eerlike man na julle toe kom en sê: "Vader, laat my jou onhanteerbare kind sien, ek het in u naam 'n goeie woord in my hart gevind vir u kind. Laat my dus na hom toe kom, sodat ek hom kan sien en met hom praat." Dan sal die vader vir die vriend sê: "Laat my eers die woord hoor, en dan sal ek jou na my kind toe neem en vir jou sy duistere vertrek oopmaak." Kyk, hierdie Vader is ookEk ! - Wie met 'n eerlike, liefdevolle hart na My toe kom en na My toe kom in My Naam, hom sal Ek ook dadelik herken, as dat hy om My Naam ontwil na My toe gekom het om My Naam in homself te verheerlik en daardeur in al My skepsele. Kyk, Ek sal dan vir hom sê: “Kom na My toe, en daarop sal Ek julle lei na al die vertrekke van My gevangenes en aan julle hulle kerkers wys en in julle harte hulle boosheid openbaar, sodat hulle aanstoot kan neem uit die getrouheid van julle harte, aan My toegewy, en daaruit sal sien wat beter is; om 'n vriend of 'n vyand van My verordeninge te wees."